| | |
|---|---|
| *VERSLAGWAARDIG* | *JA/NEE* |
| *SIRKULEER ONDER REGTERS* | *JA/NEE* |
| *SIRKULEER ONDER LANDDROSTE* | *JA/NEE* |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (NOORD-KAAPSE AFDELING)

***KIMBERLEY***
***SAAK NO.: CA&R86 /04***
***DATUM: -11-2004***

In die Appèl van:

PHILLIP ANTONIE APPELLANT

teen

DIE STAAT RESPONDENT

**CORAM: C C WILLIAMS R: et OLIVIER**

# *UITSPRAAK*

**<u>WILLIAMS R:</u>**

Die Appellant is op 7 Oktober 2003 in die Landdroshof te Kimberley skuldig bevind op ‘n aanklag van bedrog en gevonnis tot 12 (twaalf) maande gevangenisstraf wat voorwaardelik opgeskort is vir ‘n tydperk van 5(vyf) jaar.

Die Appellant kom in hoër beroep slegs teen die skuldigbevinding.

Hiermee saam bring die Appellant eerstens ‘n aansoek om kondonasie vir die laat liassering van die Kennisgewing van Appèl sowel as ‘n aansoek om wysiging van die Kennisgewing van Appèl.

Dit blyk uit die beëdigde verklaring van Prokureur Titus, wat gepaardgaan met die aansoek om kondonasie en wysiging, dat die hoofrede vir die versuim te wyte is aan die prokureur en dat die Appellant deurgaans begerig was om die appèl voort te sit.

Die Kennisgewing van Appèl moes voor of op 27 Oktober 2003 geliasseer word. Die Appellant het sy prokureur op 14 Oktober 2003 opdrag gegee om appèl aan te teken, op 20 Oktober 2003 van fondse voorsien en op 27 Oktober 2003 die nodige volmag aan sy prokureur verskaf om die appèl voort te sit.

Prokureur Titus in sy eedsverklaring verduidelik dat hy dit nodig geag het om eers na die bandopname van die verrigtinge te luister voor hy die Kennisgewing van Appèl opgestel het aangesien hy nie self die verdediging van die Appellant waargeneem het nie. Dit het blykbaar nooit gebeur nie as gevolg van die nie beskikbaarheid van ‘n bandmasjien op tye toe die prokureur beskikbaar was en die nie-beskikbaarheid van die prokureur toe daar wel ‘n bandmasjien beskikbaar was.

Hoe dit ookal sy die Kennisgewing van Appèl en die gronde daarin uiteengesit is uiteindelik opgestel na aanleiding van konsultasies met

die Appellant en die staatsaanklaer.

DIt blyk duidelik uit die oorspronklike gronde van appèl dat prokureur Titus die feite van die saak wesenlik misverstaan het wat dan ook nou aanleiding gee tot die aansoek om wysiging van die Kennisgewing van appèl.

Die versuim om die Kennisgewing van Appèl te liasseer kan dus nie voor die Appellant se deur gelê word nie. Hoe dit ookal sy, by oorweging van 'n aansoek om kondonasie moet ook die vooruitsig op sukses op appèl oorweeg word.

Die verhoorhof het die Appellant skuldig bevind aan bedrog deurdat hy 'n eis ingedien het by die Departement Maatskaplike Dienste (die Departement) vir reiskoste aangegaan met 'n BMW motorvoertuig met registrasie nommer BWM 426 EC vanaf De Aar na Kimberley, terwyl hy in werklikheid nooit met gemelde voertuig vanaf De Aar na Kimberley gereis het die betrokke dag nie.

Die hoof geskilpunt tussen die partye is of die Staat bo redelike twyfel bewys het dat Appellant nie met die betrokke voertuig gereis het Kimberley toe vanaf De Aar op 6 Augustus 2002 nie.

Die feite is kortliks as volg. Die Appellant, 'n werknemer by die Departement moes vanaf De Aar reis na Kimberley om 'n vergadering met amptenare van die Departement by te woon om 10h00 die betrokke oggend. Die Appellant het 'n eis ingedien vir

reiskostes aangegaan met 'n BMW voertuig met registrasienommer BWM 426 EC in die bedrag van R1 412.11. 'n Amptenaar van die Departement, 'n mnr Keerns, het egter gedurende 'n breuk in die vergadering vir die Appellant gesien gesels met sy vrou by 'n Polo Playa motorvoertuig, buite die Departement se kantore. Keerns, 'n getuie in die saak het toe ondersoek ingestel en uitgevind dat die betrokke BMW voertuig waarvoor die Appellant reiskostes geëis het, om 09h47 op 6 Augustus volgemaak is by 'n vulstasie te Noupoort en dus nie terselfdertyd op Kimberley kon wees nie. Die kinkel in die kabel is egter dat daar betaal is vir die brandstof met 'n petrolkaart en die registrasienommer van die voertuig op die petrolstrokie is aangeteken as BMW 426 EC, en nie BWM 426 EC nie.

Namens die Appellant word daar aangevoer dat die redelike moontlikheid bestaan dat die voertuig se registrasienommer korrek weergee is op die petrolstrokie, en dat dit dus nie dieselfde voertuig is waarmee Appellant Kimberley toe gereis het nie. Alternatiewelik, dat daar ook 'n moontlikheid bestaan, soos in die verlede al gebeur het, dat die kaarttrekmasjien by die betrokke vulstasie stukkend was op die dag wat die voertuig wel volgemaak is en dat die transaksie eers 'n paar dae later verwerk is, op 6 Augustus, toe die masjien herstel is.

Die Staat se hoofgetuie was 'n Mnr. Hermanus, die petroljoggie aan diens by die vulstasie in Noupoort, die betrokke dag. Sy getuienis is dat hy die oggend een van Mnr. Nissiotis se voertuie, 'n donkerblou

BMW, met registrasienommer BWM 426 EC, volgemaak het. Hy getuig dat hy die voertuig goed ken, omdat dit die enigste van sy soort in Noupoort is. Die brandstof is voor betaal met ‘n petrolkaart en hy het, moontlik in sy haas, die registrasienommer verkeerdelik op die strokie aangebring. Hy getuig ook dat die masjien die dag nie stukkend was nie en dat die transaksie dieselfde dag voltooi is.

Die Appellant se weergawe is dat hy op 6 Augustus sy huis te De Aar verlaat het om ongeveer 06:00 om ‘n vergadering by te woon in Kimberley en het ongeveer 09:30 sy bestemming bereik. Die BMW voertuig waarmee hy gery het was een van ‘n vloot voertuie wat behoort aan die Noupoort Christian Care Sentrum (die Sentrum), waar hy as konsultant gewerk het. Mnr. Nissiotis, die hoof van die Sentrum, het hom toestemming gegee om die motor te gebruik en hy het dit alreeds op 5 Augustus afgehaal vir sy reis op 6 Augustus. Volgens die Appellant het hy sy vrou die oggend by die huis agtergelaat aangesien sy eers tussen 07:30 en 08:00 begin werk. Haar werksvoertuig is ‘n blou Polo Playa. Hy getuig ook dat hy bewus was daarvan dat sy vrou die dag in Hopetown sou aandoen as deel van haar werksverpligtinge en dat hy nie veel meer van haar werkskedule vir die betrokke dag geweet het nie.

Tydens ‘n breuk in die vergadering wat die Appellant te Kimberley bygewoon het, nog gedurende die oggendure voor 12:00, het hy na buite gegaan om te rook toe hy toevalliglik sy vrou se motor (die Polo

Playa) gesien het op die parkeerarea van die Poskantoor en het toe met haar gaan gesels. Hy het sy vrou ook dieselfde dag op 'n tweede geleentheid gesien by die NEHAWU kantore en gee toe dat Keerns hom wel op een van hierdie twee geleenthede met sy vrou kon sien gesels.

Volgens die Appellant het sy vrou aan hom gesê dat sy die betrokke dag ook by haar werkgewer se kantoor te Kimberley moes wees. Hy ontken dan ook dat hy en Mev. Antonie saamgereis het Kimberley toe met die Polo Playa.

Mev. Antonie het ook getuig en haar weegawe verskil in verskeie aspekte van dié van die Appellant. Volgens Mev. Antonie het sy die betrokke oggend ná sy eers in Hopetown aangedoen het besluit om Kimberley toe te ry om 'n belangrike aangeleentheid met haar ampshoof te bespreek. Haar hoof, Mnr. Weiss was egter per vliegtuig Johannesburg toe en het sy toe slegs hul kantoor te Kimberley besoek. Gedurende die etensuur (tussen 13:00 en 14:00) het sy besluit om na die parkeerarea van die Poskantoor te gaan, aangesien sy geweet het dat die vergadering wat haar man bygewoon het, in die Poskantoorgebou plaasgevind het en sy gehoop het dat hy die gebou sou verlaat gedurende die etensuur. Sy het hom toe egter nie daar gesien nie en het eers later, na sy en die Appellant telefonies in verbinding was, met hom ontmoet by die NEHAWU kantore. Sy ontken ten sterkste dat sy vir die Appellant

ontmoet het by die parkeerarea van die Poskantoor waaroor beide Keerns en die appellant getuig het.

Mnr. Nissiotis van die Sentrum het ook getuig en in wese is sy getuienis dat die Appellant vrylik toegang gehad het tot die betrokke BMW voertuig. Hy getuig egter dat hy nie bewus was daarvan dat die Appellant die betrokke dag die voertuig gebruik het nie omdat hyself nie op daardie stadium in Noupoort was nie. Volgens hierdie getuie beskik die sentrum oor een en twintig motorvoertuie, waarvan vyf BMW voertuie is. Dit is slegs die betrokke donkerblou BMW wat 'n Oos-Kaapse registrasienommer het. Hy getuig voorts dat daar omtrent vier pertrolkaarte is vir die vloot voertuie, en dat enige van die werknemers van die sentrum dit kon gebruik om die voertuie vol te maak.

Die finansiële sekretaris van die sentrum, 'n Mnr. Lindeque is ook deur die verdediging geroep om te getuig. Hierdie getuie is in beheer van die petrolkaarte by die sentrum en die petrolstrokies word ook by hom ingedien. Hy getuig dat daar met hierdie betrokke BMW voertuig nie streng rekord gehou was wat betref kilometerlesings en magtiging om te gebruik soos die ander motors nie, aangesien dit een van Nissiotis se privaat voertuie was en nie 'n sentrum motor nie. Hy getuig wel dat die kaarttrekmasjien by die vulstasie op tye nie gewerk het nie, en dan was dit sy plig om toe te sien dat die brandstof so gou as moontlik betaal word.

Na die sluit van die verdedigingsaak het die Hof gevra dat Mnr. Hermanus, die petroljoggie, teruggeroep word met dokumentêre bewys daarvan of die masjien die betrokke dag gewerk het of nie.

Die eienaar van die vulstasie het egter getuig in stede van Hermanus, 'n sekere mnr Vorster. Vorster se getuienis is dat hy die vulstasie vir twee jaar besit het op die betrokke stadium en dat die masjien in daardie tyd net twee keer gebreek het. Hy het dan so twee of drie dae later 'n nuwe masjien gekry. Die geleenthede wat die masjien gebreek het was gedurende Februarie 2002 en Julie 2002. Sy getuienis is dat die masjien in werkende toestand was op 6 Augustus 2002. Hy getuig ook dat daar nie op die betrokke dag 'n oorskot geld op die vulstasie se boeke was in vergelyking met die brandstof uitgeneem nie, soos verwag sou wees indien daar op 6 Augustus betaal is vir brandstof wat op 'n vorige geleentheid uitgeneem is nie. Inteendeel, is daar 'n tekort van R45,50 die spesifieke dag aangeteken. Die vulstasie se kontrolelys vir 6 Augustus 2002 waarop hierdie inligting verskyn, is ingehandig as 'n Bewysstuk.

Wat betref hierdie been van die appellant se verweer (dit is dat die brandstof vroeër reeds ingegooi is en eers op 6 Augustus betaal is, aldaar die strokie), is daar na my mening dus geen meriete in nie en het die landdros tereg so bevind.

Die vraag wat dus oorbly is of daar bo redelike twyfel bewys is dat dit

hierdie spesifieke BMW voertuig waarvoor reiskostes geëis is, wat volgemaak is te Noupoort die betrokke oggend.

Namens die appellant is groot gewag gemaak van die betroubaarheid van Hermanus as 'n enkelgetuie. Sy getuienis staan egter nie sonder stawing nie. Hy beweer dat hy 'n donkerblou BMW voertuig volgemaak het wat behoort aan Nissiotis. Die getuienis is dat Nissiotis 'n donkerblou BMW voertuig het as een van sy privaat voertuie. Die registrasienommer wat Hermanus op die strokie aangebring het is een van 'n motor wat in die Oos-Kaap geregistreer is. Nissiotis het net die spesifieke BMW wat in die Oos-Kaap geregistreer is. Die enigste verskil tussen die registrasienommer op die strokie aangebring en dié van die voertuig waarmee appellant beweer hy gereis het, is die letters BMW in stede van BWM. Hermanus se verduideliking dat hy hierdie letters moontlik in sy haas verkeerdom afgeskryf het, is na my mening 'n heeltemal aanvaarbare verduideliking.

Die deurslaggewende faktor, wat my aanbetref, is egter die feit dat die BMW voertuig wat deur Hermanus volgemaak is se brandstof betaal is met 'n petrolkaart wat behoort aan die sentrum. Die waarskynlikheid dat Hermanus die betrokke oggend, te Noupoort, 'n wildvreemde BMW voertuig volgemaak het, wat toevallig ook donkerblou is en waarvan die registrasienommer amper identies is as dié waarmee die appellant sou gery het en boonop betaal is met 'n petrolkaart wat aan die sentrum behoort, is na my mening bykans nul.

Die enigste redelike afleiding wat gemaak kon word uit die feite, met inagneming ook van die weersprekings in die getuienis van die appellant en mev Antonie, is dat die betrokke BMW voertuig waarvoor die eis vir reiskostes ingedien is, nie in Kimberley kon wees op die tye wat die appellant beweer nie, en derhalwe dat die appellant nie hierdie voertuig bestuur het Kimberley toe nie.

Alles inaggenome het die staat na my mening sy saak bo redelike twyfel bewys en is die appellant se weergawe tereg as nie redelik moontlik waar, verwerp.

Daar is myns insiens geen meriete in die appèl teen die skuldigbevinding nie.

Die volgende bevel word dus gemaak:

**Die aansoek om kondonasie word van die hand gewys.**

**C.C. WILLIAMS**

**REGTER**

Ek stem saam.

**C J OLIVIER**

**REGTER**

| | |
|---|---|
| Namens Appellant | : Adv F van Heerden |
| Namens Respondent | : Adv P S C Calitz |

| | | |
|---|---|---|
| Datum van verhoor | : | 23 Augustus 2004 |
| Datum van uitspraak | : | |